DIE OLIELAMP

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

REDAKSIONEEL

Soos aan alle dinge in die lewe – goed en sleg – kom daar ‘n einde. Hierdie is die laaste uitgawe vir die jaar 2000, en dit sal ook my laaste uitgawe as Redaktrise wees. Dit is beslis twee goeie dinge waaraan ‘n einde gekom het. Lineke Eefting gaan by my oorneem, so ek laat julle in baie bekwame hande oor! Sterkte Lineke!

Ek wil begin met alle dank en eer aan God, onse Vader, wat dit vir ons moontlik maak om so ‘n blad te kan uitbring onder ons jeug in Suid-Afrika.

Daar is ‘n hele paar bedankings wat ek graag wil doen en wat ek dink ook heel gepas is om te doen aan die einde van hierdie jaar.

Eerstens aan die hele Kaapse Redaksie: Christine, Margreet, Maartje en Jaco – Een GROOT dankie vir fantastiese samewerking en ondersteuning.

Dankie aan die ander Redaksies vir hulle samewerking – soms met rukke en stote! Sonder julle sou die blad nie moontlik gewees het nie.

‘n Spesiale dankie aan Gerhard Bijker wat elke uitgawe die bladuitleg doen. Om die blad so na aan betyds elke keer te kon uitbring, moes Gerhard gewoonlik hierdie baie werk in baie min tyd doen!

Ook ‘n woord van dank aan ons spellchecker: Elsbeth van der Linden. Dit sukkel maar baie keer om alle artikels betyds te kry, maar dankie vir al die moeite en tyd wat jy al ingesit het.

‘n Laaste dankie aan alle artikelskrywers! Dankie aan almal van julle wat gewillig en bereid was om ‘n artikel te skryf. Saam bou ons so aan die koninkryk van God.

Hierdie uitgawe is weereens propvol interessante artikels en onderwerpe. Daar is die laaste artikel in’n reeks oor die Rigters, nl Simson. Verder is daar ook ‘n uitgebreide artikel oor God se leiding vir ons lewensbesluite. Ander onderwerpe wat onder andere aangeraak word, is Nagmaal, Lewe voluit, Sang, ens. Die voorstudiemateriaal vir die kongres verskyn ook in hierdie uitgawe.

Mag God hierdie blad seën in die jare wat voorlê en alle nodige kragte en wysheid gee aan almal wat ‘n deel gaan hê aan hierdie blad, hetsy as redaksielid of as artikelskrywer.

Namens die Kaapse Redaksie
Mirjam

INHOUD

Uit die Woord
Die wet bekritiseer 2
Jefta 3

Oppad
Preek luister (2) 4
Ouers

Voel jy ook so?
Beroepskeuse 9
Vreemdeling 10
Het jy al die uitnodiging aanvaar? 11
Liggaam van Christus 12

Sosiaal
Deur die sleutelgat 13
Klereverkoping 14
Blapse 15
Voetspoor 16

Nog iets…
The Creator Cares 18
Boeke 18
Blokkiesraaisel antwoorde 20
Verjaarsdae 20

SIMSON AS RIGTINGWYSER – RIGTERS 13-16

Maartje Eefting

Die verhaal van Simson is baie bekend. Die feit dat hy nasireër was, sy krag, sy verleidelike vrou en soms onthou mense nog die raaisel by die bruilof. Waaroor gaan dit alles? Die waarde van Ou Testamentiese boeke, soos Rigters, word gereeld bevraagteken. Eintlik gaan die verhaal van Simson oor die grootheid van God. Dit is God wat hom sy krag gegee het, dis God wat hom beproef met sy verleidelike vrou en dit is God wat sy krag van hom af wegneem. Elke gebeurtenis in die drie hoofstukke in Rigters word deur God gerig. Sodat sy naam verheerlik sou word.

Redaksies:

Pretoria:
Redakteur: Rinus Kamphuis (kamphuisrk@hotmail.com)
Sekretaresse: Karina Smit & Annet Lubbinge
Penningmeester: Arjan van Houwelingen
Lede: Willemien Kleijn
Wilma Lubbinge
Anita Zielman

Maranata:
Redakteur: Hein Smit (hein.smit@bmw.co.za)
Penningmeesteresse: Cora Visser
Lede: Margreet Bron
Frans Hagg
Anita Drijfhout
Marie Louise van den Bout

Daniël van der Meulen

Kaapstad:
Redaktrise: Mirjam Raimond (mraimond@adept.co.za)
Artikelversorging: Maartje Eefting
Margreet Moes
Sekretaresse: Christine van der Linden
Finansies: Jaco Haak

Kontakpersone:
Johannesburg: Wolter Bijker (wolter@global.co.za)
Bethal: Arnoud van den Bout

Uitleg:
Gerhard Bijker (gerh@rd.co.za)

Ons hoop om *Die Olielamp* 10 keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende internet adres: *http://www.vgk.org.za/olielamp/*

Koste: R35.00 per jaar

By die aankondiging van Simson se geboorte vra Simson se vader aan die Engel (13:17(b)-18) "Wat is U naam, dat ons U kan vereer as U woord uitkom?" Waarop die Engel antwoord: "Waarom vra jy my naam terwyl Hy wonderbaar is?" Simson se ouers behoort te weet dat dit God alleen is wat die onmoontlike vermag. Hy gee dan ook spesifieke bevele oor hoe die kind Simson, tot sy eer grootgemaak moet word en moet lewe. Hy moes 'n nasireër word.



Die eerste bruid waarop hy besluit, is nie van die volk Israel nie, maar van die Filistyne. Sy ouers maak kapsie daarteen. In hoofstuk 14: 4 staan: "maar sy vader en sy moeder het nie geweet dat dit van die Here af kom nie; want Hy het rede gesoek teen die Filistyne; in die tyd naamlik het die Filistyne oor Israel geheers." Weereens is dit die Here wat besluit wat in Simson se lewe gaan gebeur. Hy wil Simson gebruik. Simson se besluit om met die Filistynse vrou te trou, is in hom geplaas deur die Here, die God van Israel. Hy wil sy volk bewaar en daardeur sy naam verheerlik. As Simson homself dan later gewreek het en duisende Filistyne met 'n kakebeen verslaan het, gee hy aan God die eer: (15: 18(a)) "U het deur die hand van U kneg hierdie oorwinning gegee...".

As Delila uiteindelik, vir die derde keer, hom vra waar sy krag vandaan kom, sê Simson: (16: 17) "daar het nog nooit 'n skeermes oor my hoof gekom nie, want ek is 'n nasireër van God". En as die Filistyne hom dan gevange neem, bring hulle offers aan Dagon en die volk prys hulle god, want hulle het geglo dat dit hy was wat Simson aan hulle oorgelewer het. Hulle roep Simson om hom, en dus God, te verneder. Maar Simson bid tot God: "Here, Here, dink tog aan my en versterk my tog net hierdie keer, o God, dat ek my oor een van my twee oë op die Filistyne kan wreek!" Hy weet waar sy krag in die eerste plek vandaan gekom

het en vra dit dan ook weer van God, wetend dat dit nie van sy haarlengte afhang hoe sterk hy is nie, maar van sy God. Hy het nie gedoen wat God van hom gevra het nie en sterf saam met die Filistyne om God se grootheid voor die oë van die Filistyne ten toon te stel. Dan kom sy familie en begrawe hom by sy vader. Soos 'n eerbare man. 'n Man wat deur God as rigtingwyser gebruik is. 'n Mens vol met sonde en onvolmaak, maar in diens van sy God.

God bestuur alles. Alles wat jy het kom van God af. Lewe dan 'n lewe van dankbaarheid en tot eer van ons grote Vader in die hemel wat ons so liefhet dat Hy ons in genade wil aansien. Niks wat jy doen verander God se krag nie, maar as ons in sonde leef het dit konsekwensies.

HOE KAN ONS GOD SE LEIDING SOEK VIR ONS LEWENSBESLUITE?

Willemien Kleyn

"Here maak my u weë bekend; leer my u paaie" – Psalm 25:4

In die vorige Olielamp het Nicoline die onderwerp van God se leiding in ons lewensbesluite aangeroer. Daar is baie besluite wat ons, as jongmense, moet maak. Watter beroep moet ek kies? Waar moet ek *swot*? Met wie moet ek trou? Waar moet ek/ons woon? As Christene glo ons dat God 'n plan het met ons lewe en dat Hy ons leiding sal gee in ons besluite. Maar hoe doen God dit? Daar is mense wat glo dat God vandag nog direkte openbarings gee – dat God, byvoorbeeld, vir my in 'n droom sal vertel dat ek met seun X moet trou, of dat Hy skielik 'n teks in my gedagtes sal bring wat vir my sal wys of my besluit reg of verkeerd is.

Nuwe openbarings?

Maar is dit hoe God vandag werk? Gee Hy vandag nog openbarings? In Openbaring 22:18 word ons gewaarsku teen dinge byvoeg aan die Woord van God soos ons dit in die Bybel ontvang het. Hebreërs 1:1,2 sê ook duidelik dat God in die laaste dae sy openbaring gegee het deur sy Seun. Dus ons kan nie soek vir verdere openbarings vandag nie.

Hoe openbaar God dan sy wil vir ons? Hoe moet ons weet wat ons moet besluit?

Laat ons eers teruggaan na God se belofte vir leiding, voordat ons kyk na hoe God daardie belofte vervul.

God se beloftes

Kom ons begin deur om te kyk na Psalm 25. Hierdie Psalm gaan oor God se leiding. Dawid vra vir God se leiding. Hy weet ook dat God dit sal gee: "Die Here is goed en reg; daarom sal Hy sondaars leer aangaande die weg" (vers 8). In die Nuwe Testament hoor ons ook baie keer dat God leiding gee aan sy kinders. Jakobus skryf: "As iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt, en dit sal aan hom gegee word" (Jak 1:5). Dit staan dus vas, God sal leiding gee.

God het ook duidelik gesê hoe Hy dit wil doen. Christus het die dissipels belowe dat daar 'n Trooster sou kom wat hulle "in die hele waarheid [sal] lei" (Joh 16:13a). En hoe sal Hy (d.i. die Heilige Gees) dit doen? "Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek" (Joh 16:13b). Die Gees verkondig dus God se Woord. In Psalm 119: 105 lees ons, "U Woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad." Paulus verduidelik dit nog verder as hy skryf "Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus" (2 Tim 3:16-17). Met ander woorde, lei die Heilige Gees ons deur middel van die Bybel.

Die beginsel van leiding

Dit is dus die beginsel: Ons moet begin by wat die Skrif vir ons sê. Om dit prakties toe te pas, kan ons bv. nie sê dat God ons gelei het om 'n nie-Christelike persoon te trou nie, want God sê baie duidelik in sy Woord dat Hy sulke huwelike haat.

Maar wat moet ons doen as ons bv. staan voor 'n keuse tussen twee beroepe wat altwee in eenstemming is met God se Woord? Watter keuse moet ons dan maak? In so 'n geval moet ons 'n keuse wat maak gebaseer is op gesonde verstand. Ons moet God bid dat Hy ons verstand sal verlig en ons tot die regte besluit sal bring. Packer (1984: 269-271) noem ses valstrikke waarin ons vasgevang kan word as ons besluite moet neem.

Die 6 valstrikke

1. **Onbereidwilligheid om te dink**
   Deuternómium 32:29 praat van hierdie valstrik "Was hulle wys, hulle sou dit insien…" Dit is belangrik om na te dink en nie net op gevoel besluite te neem nie.

2. **Onbereidwilligheid om vooruit te dink**
   Die vers wat hierbo genoem is eindig met "Hulle sou op hulle einde let." Dit is baie keer net moontlik om agter te kom of die besluit goed is deur na te dink oor watter gevolge dit sal hê in die toekoms.

3. **Onbereidwilligheid om raad te aanvaar**
   "Die weg van die dwaas is reg in sy eie oë, maar die wyse luister na raad" (Spreuke 12:15). Dit is baie dom om nie te luister na die advies en raad van ander mense nie. Daar is altyd mense wat die Bybel, die menslike natuur en ons gawes en beperkings beter ken as wat ons dit ken. Praat dus bv. met jul ouers.

4. **Onbereidwilligheid om onsself te verdink**
   Dawid het geweet dat hy hierdie swakheid het toe hy gebid het "Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes; en kyk of daar by my 'n weg is van smart, en lei my op die ewige weg!" (Ps 139:23-24). Ons moet ons motiewe probeer deurgrond en Dawid se gebed op ons lippe neem. Dit help ook om ons motiewe aan iemand anders voor te lê.

5. **Onbereidwilligheid om persoonlike aantrekkings-krag raak te sien**
   Dit gebeur maklik dat ons besluite beïnvloed word deur iemand anders. Daardie persoon het 'n sekere aantrekkingskrag en word dan ons leier. Alhoewel ons nie hul advies moet negeer nie, moet ons ook Paulus se woorde onthou: "Beproef alle dinge; behou die goeie" (2 Thess 5:21).



6. **Onbereidwilligheid om te wag**
   In meerdere Psalms word ons vermaan om op die Here te wag (bv. Ps 27:14; 37:34). Ons moet onthou dat God dinge in en op sy tyd doen. Hy is nie altyd so haastig soos ons nie. As ons nie seker is nie moet ons liewers niks doen en aanhou om op die Here te wag. Mettertyd sal sy wil duidelik word.

Geen gemaklike antwoorde nie

Ookal het ons nou al daardie valstrikke probeer vermy, dan nog kan ons pad vol slaggate wees. Wat moet ons dan doen? Wat moet ons doen as ons, soos in Nicoline se voorbeeld, nie keuring kry nie? Moet ons dan aflei dat ons 'n besluit wat teen God se wil in gaan, gemaak het?

Dit is 'n moontlikheid. As ons met moeilikhede gekonfronteer word, is dit wys om te kyk of ons die regte besluite geneem het. Maar aan die ander kant beteken teenslag nie noodwendig dat ons op die verkeerde pad is nie. Psalm 34:20 lees: "Menigvuldig is die teëspoede van die regverdige." Paulus het dit ook baie kere ervaar. In Handelinge 20:22-23 sê hy vir die ouderlinge in Éfese, "En kyk, ek gaan nou gebind deur die Gees na Jerusalem; en watter dinge my daar sal oorkom, weet ek nie, behalwe dat die Heilige Gees in elke stad kragtig getuig en sê dat boeie en verdrukkinge my wag." Ookal het Paulus openbaringe ontvang wat gesê het dat moeites op hom wag, nogtans het hy geweet hy was gelei om Jerusalem toe te gaan.

Dit kan ook partymaal lyk asof ons ons lewe mors. Wat 'n mors van talent ens. bv. dat Paulus vir jare in die tronk moes sit. Hy kon mos die evangelie nog na baie ander plekke gebring het? Maar dit is hoe God ons lewe lei. Hy doen dit op sy eie manier.

As ons die pad misloop

Maar wat as ons dan regtig vasloop? Is ons dan verlore? Kan ons dan niks meer doen nie? Nee! God is soos die Vader van die verlore seun. Hy staan en wag vir ons met oop arms (Luk 15:11-32). Hy verwelkom ons nie net terug nie, maar Hy draai selfs die slegte dinge om vir ons beswil (Rom 8:28). Israel was baie afvallig, maar God het hulle belowe: "En Ek sal julle vergoed die jare wat die treksprinkaan, die voetganger, die kaalvreter en die afknyper verslind het…Dan sal julle oorvloedig eet en versadig wees en die Naam van die Here julle God prys" (Joël 2:25-26).

God gee leiding!

Ons het nou gesien dat God definitief nog leiding gee vandag. Hy doen dit op verskeie maniere. Eerstens deur sy Woord en Gees maar ook deur ons gesonde verstand en deur die advies van ander mense. Laat ons almal biddend vra vir God se leiding vir ons lewensbesluite. Hy sal ons lewe lei. Dit beteken nie dat alles altyd maklik sal wees, maar wel dat ons weet dat God 'n plan het met alles wat met ons gebeur.

Bronne

Milne, G.H. 1994. "Guidance." **Faith In Focus.** October 1994.

Packer, J.I. 1984. "Chapter 20: Thou our Guide." **Knowing God.** pp. 261-276. Great Britain: InterVarsity Christian Fellowship.

VREDE OP AARDE - OORLOG OP AARDE

Marlene de Vente

"Eer aan God in die hoogste hemele en *vrede op aarde*, in die mense 'n welbehae!" (Lukas 2 : 14)
Kersfees: die tyd van die vrede breek weer aan. Die kerk sing oor die vrede - en die wêreld ook. Ja, wie stem nou nie vir die vrede nie…

Kersfees, die fees van die vrede? Vergeet dit maar. Was daar al ooit weer vrede ná die sondeval? God het ons uit die paradys weggejaag en engele, met *swaarde* gewapen, as wagters oor die tuin aangestel. En God het gesê : "En EK sal *vyanskap* stel tussen jou en die vrou, tussen jou saad en haar saad…" – vyandskap, nie vrede nie! Hoe kan ons nog van vrede praat?

God het ons voor 'n keuse gestel. 'n Keuse tussen vrouesaad en slangesaad; tussen vrede en oorlog. Nee, eintlik tussen oorlog en oorlog, want diegene wat egte vrede soek kies terselfdertyd vir oorlog - oorlog teen die slangesaad! Ons verklaar dan oorlog teen die owerste van die legioene van duiwels! En teen hulle kan ons nie oorlog voer nie. Nie ons nie, niemand nie. Daarvoor het ons Iemand sterker nodig. Ons het ons Aanvoerder nodig, Jesus. Hy alleen kan die oorwinning behaal.

Daarom het ons uitgesien na Sy koms. Maar nie net die kerk nie, ook die draak het op die geboorte van die Kind gewag – sodat hy Hom kon verslind (Openb. 12 : 4). Die hele Betlehem ly daaronder as al die seuntjies onder 2 jaar gedood word. En die Satan hou aan om listige planne te beraam. Uiteindelik lyk dit asof sy planne sal slaag…Christus word ter dood veroordeel. Die Vredevors is besig om te verloor. Maar Satan het ons Verlosser onderskat. Christus oorwin die dood en daarmee ook vir Satan. Die draak se mag is nou gebreek. Maar dit is nog nie die einde nie. As Satan sien dat hy besig is om teen die vrouesaad te verloor wend hy hom tot "haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou" (Openb. 12 : 17). Mag hy ons nie as slappelinge aantref en verslind nie!
Gelukkig staan die eindoorwinning vas. Die oorwinning is van ons Wonderbare Raadsman, die Sterke God, ons Eeuwige Vader, die Vredevors.

Kersfees is dus die fees van *oorlog*, die fees van die Kind wat eendag alle nasies met die ystersepter sal regeer. (Openb. 12 : 5).
Kersfees is die fees van die Woord, die tweesnydende *swaard*.
Kersfees beteken aanhou *veg* in diens van Christus se koninkryk.
Kersfees is die fees van die antitese – om *voor* of *teen* Christus te wees.

Daarom bedoel ons iets heel anders met "vrede op aarde" as wat die wêreld daarmee bedoel. Die wêreld sal eendag die stryd verloor - dieselfde wêreld wat kersinkopies doen, kersbome versier en kalkoen eet. Ja, hulle *dink* dat so 'n kersfees vrede is, maar ondertussen loop hulle 'n donker afgrond tegemoet. Laat ons versigtig wees dat ons nie meegsleur word in die helse diepte nie. Laat ons daarenteen bly stry vir God se *vredeskoninkryk* wat eendag op die nuwe hemel en aarde sal bestaan.

Kersfees is dus tóg die fees van die vrede? Ja, uiteindelik wel. Maar vrede kom slegs ná oorlog – 'n oorlog waarin baie slagoffers val. Ons is die militia Christi, soldate van God. Ons moet *altyddeur* bly stry en waaksaam wees, anders sal die brullende leeu ons verslind. En eendag, as ons Vredevors terugkeer, wag vir ons die vredeskroon. Dán mag ons vir ewig die fees van die Vrede vier - nie net die 25ste en 26ste Desember nie!

NAGMAAL

Clara van der Vinne

In die Ou Testament lees ons in Ex 12 van die instelling van die Paasfees, wat vir Israel moes herinner aan hulle uitredding uit Egipte en wat ook ‘n sinnebeed was van die Paaslam Christus, wat vir ons in die Nuwe Testament geslag is (1 Kor 5:7). Om sy volk aan die uitredding deur sy bloed te herinner en hulle dieper in te lei in die betekenis en krag daarvan, het ons Heiland in die laaste nag voor sy kruisdood die nagmaal ingestel, en wel met brood en wyn, wat ons wys op die liggaam van Christus wat vir ons gebreek en sy bloed vir ons gestort is.

Die nagmaal is ‘n gedagtenismaal, ‘n sakrament, en dit verseël die beloftes van God.



In 1 Kor 10 en 11 word verskillende name vir hierdie sakramente gebruik, nl. “die beker van danksegging” (1 Kor 10:16) “ tafel van die Here” (1 Kor 10:21); “die nagmaal van die Here” (1Kor 11:20). Die nagmaal was seker in die begin ‘n baie eenvoudiger en huisliker fees as vandag, en is dan ook seker baie meer dikwels gevier. Dikwels was daar liefdesfeeste in nou verband met die sakrament, en volgens 1 Kor 11: 20-22 het die feeste in die gemeente van Korinthe, en waarskynlik ook elders, ontaard.

Wat is nou die betekenis van die nagmaal?

‘n Gedagtenis. Net soos iemand se verjaarsdag ‘n gedagtenis is aan sy geboortedag, is die nagmaal ‘n gedagtenis aan die sterfdag van ons Heiland: “ Doen dit tot my gedagtenis” (Luk 22:19) “Verkondig die dood van die Here totdat Hy kom” (1 Kor 11:26). Hier sien ons dat die Here gebied dat ons hierdie sakrament moet waarneem.

‘n Getuienis. In Ex 12:26 sê Moses vir die volk dat die dag sal kom wanneer hulle kinders sal vra as hulle die sereomnies van Paasfees sien: “Wat beteken die diens daar?” dan kan hulle getuienis aflê van wat God gedoen het deur die uitredding uit Egipte. So lê ook elke nagmaalganger ‘n getuienis af in die gemeente en voor die wêreld van die weldade van Christus wat deur hom geniet word.

‘n Gemeenskap. Vir eers met mekaar, daar waar ons saam aansit, en met miljoene wat oor die lengte en breedte van die wêreld ook nagmaal vier. Maar veral is dit ‘n gemeenskapsoefening met ons Heiland: Nie op ‘n stoflike of vleeslike wyse nie, maar deur geloof en op geestelike wyse, deur die werking van Gods Gees, word ons deur sy liggaam en bloed gevoed en deelgenote van die seëning wat Hy meedeel. Die apostel noem die drinkbeker dan ook ‘n gemeenskap met die bloed van Christus, en die brood ‘n gemeenskap met sy liggaam(1 Kor 10:16).

Die nagmaal is ‘n gedagtenismaal, ‘n sakrament, en dit verseël die beloftes van God.

Bronne:

- Handboek by die Katkisasie – G.B.A Gerdener
- TOTIUS 3 - Versamelde werke

LEWE VOLUIT!

Wilma Lubbinge

Wat is jou houding teenoor die lewe? Lewe jy maar net omdat jy gebore is en dryf van dag tot dag? Vandag se lewe kan so moeilik wees dat jy kan besluit dat dit makliker is om maar passief alles oor jou te laat spoel, as om op te staan en weerstand te bied. In elkeen van ons se lewens kom daar tye wanneer dit voel of dit nooit weer beter sal gaan nie. Dit voel of God jou verlaat het. Dan wil 'n mens ook sommer ophou lewe. Maar die Here **gebied** ons om te lewe! Ons moet Hom dien met oorgawe en liefde - ons moet voluit lewe! Maar hoe kry mens dit reg?

Daar is baie boeke beskikbaar oor lewenskwaliteit, depressie, stres en nog baie meer. Ek gee net 'n paar hoofgedagtes.

'n Verhaal: 'n Man wat baie probleme in sy lewe ervaar het, het met 'n vriend daaroor gaan praat. Sy vriend stel toe voor dat hulle 'n entjie gaan ry, na 'n paar minute se ry stop hulle by 'n begrafplaas. "Hoekom het jy my hierheen gebring?" vra die man met die baie probleme. Sy vriend antwoord: "Ek het gedink jy sou daarvan hou om 'n hele klomp mense te sien wat dieselfde probleme as jy gehad het. Wil jy met hulle plekke ruil?"

Om te lewe beteken om probleme te hê, daar is niemand wat nie probleme ervaar nie. Die verskil kom in by die manier hoe jy die probleme hanteer. Ons as gelowiges hoef nie die stryd alleen te stry nie, God help ons.

Jou Godgegewe vermoë om die lewe te geniet

Gaan lees die volgende teksverse en bid daaroor:

- 1 Korinthiërs 15:45 - *'So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam 'n lewendmakende Gees.'*
- Nehemia 9:6 - *'U is alleen die Here, U het die hemel, die hoogste hemel en al sy leërskare, gemaak, die aarde en alles wat daarop is, die seë en alles wat daarin is, en U hou dit alles in die lewe, en die leër van die hemel buig hulle voor U neer.'*
- Ps 8 - Wat is die mens?
- Ps 90 - Die verganklikheid van die mens.
- Prediker 3:12-13 *'So het ek dan ingesien dat daar niks beters onder hulle is nie as om bly te wees en om goed te doen in die lewe. En ook - dat elke mens eet en drink en die goeie geniet by al sy*

moeitevolle arbeid; dit is 'n gawe van God.'
- Prediker 11:9-10 - Hoe die jongeling sy lewe moet geniet.
- Filippense 2: 1-18 Deur die Here kry ons lewensvreugde omdat ons lewe vir Hom en nie vir onsself nie.

Maniere om die lewe meer vreugdevol te maak

§ Wees vindingryk - Kyk elke keer met nuwe oë na die lewe rondom jou, jy sal verbaas wees oor al die nuwe en uitdagende dinge wat jy sal sien.

§ Die lewe bestaan uit eindelose moontlikhede wat verdoesel is as onoplosbare probleme.

§ Wees realisties - Dis goeie nuus! Versoen jou met die werklikheid, jy hoef dit nie te verander nie - God is in beheer.

§ Romeine 5:3-4 *'En nie alleen dit nie, maar ons roem ook in die verdrukkinge, omdat ons weet dat die verdrukkinge lydsaamheid werk, en die*

lydsaamheid beproefdheid, en die beproefdheid hoop; en die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.

- Help iemand - Ons almal het gawes om te gee, daarom kan en moet ons uitreik na ander. Baie keer help jy iemand sonder dat jy dit besef.
- Praat met iemand - Deel jou seer, bekommernisse, vreugdes en moeites met die mense rondom jou. Maar nog belangriker dra hulle op aan jou hemelse Vader.
- Soek vreugdevolle situasies - Vermy afbrekende situasies, musiek en vriende. Hou eerder 'n dagboek van positiewe gedagtes, sing lofliedere - loof die Here!

Niemand van ons kan sê dat ons nooit ongelukkig voel nie - ons almal ervaar negatiewe emosies. Maar ons mag nie daaraan toegee nie, want dit is sonde. Ons moet juis daaraan werk om ons harte te verander, en so ook ons lewe. Die stryd is nooit verby nie, dit begin elke dag weer. Maar ons weet dat ons die krag van ons hemelse Vader ontvang om te volhard in die stryd en Hy sal nooit sy kinders in die steek laat nie.

PREEK IS MOEILIK - GOED LUISTER OOK!

Johan de Vente

In die voorlaaste gedeelte van hierdie reeks kyk ons na die preek self en die pastorale preek.

Die preek self

Dit is gewoonlik nie so moeilik om die voorwaardes waaraan 'n preek moet voldoen te toets nie. Dit moet onder andere aktueel, konkreet, teksgetrou en 'n goeie uitleg van die betrokke teks wees. Die preek in die algeheel moet opbouend, goed volgbaar, verstaanbaar en dus nie te moeilik maar ook nie te maklik wees nie.

'n Preek moet dus hoofsaaklik bejaardes, kinders, die jeug en ouers vertroos en aanspreek.

Ons het dikwels kritiek oor die preek as ons uit die kerk uitstap. Dit gebeur vanweë die feit dat een of meer bogenoemde aspekte na ons mening in die preek ontbreek het. As ons as gemeentelid oortuig is dat die dominee sy geskenkte gawe optimaal gebruik dan mag ons geen kritiek hê of gee nie. Ons moet dus die positiewe uit die preek uithaal. Dit is altyd moontlik - as ons maar net onsself inspan om goed te luister.

Die pastorale preek

Wat beteken pastoraal nou eintlik? Die woord pastoor, wat herder beteken, kom in hierdie woord voor. Hierdie beeld is voluit Bybels. Soos 'n herder sy kudde voed en lei, so moet die dominee ook pastoraal wees in sy preke en gemeentewerk. Dit moet dus ook vertroostend, bemoedigend, onderwysend, maar ook vermanend en bestraffend wees.

In elke preek sal dus vir ons duidelik gemaak moet word dat ons, soos dit in die Heidelbergse Kategismus genoem word, telkens weer deur die geloof om Christus wil van ons sondes vergewe word. As die vergewing verkondig word dan en ons dit van harte glo, dan gaan ons geregverdig huistoe. Tydens die erediens mag ons dan die Here daarvoor prys en dank.

Tog sal Christus die middelpunt van die erediens en die preek moet wees. Dit handel in die Nuwe sowel as in die Ou Testament oor Hom. Want by die aanroeping om die vergewing van ons sondes behoort ook die oproeping van die stryd teen die daaglikse sonde. Dit

gaan in die Ou Testament hoofsaaklik oor die sonde van die volk Israel en oor God se toorn en straf oor die sonde.
In die Nuwe Testament is dit nie veel anders nie. Al die toesprake van Paulus en Petrus spreek van die roeping tot bekering.

Soos bogenoemde Bybelse voorbeelde kan en moet die predikant sy gemeente pastoraal lei en oproep tot bekering. Die verskillende aspekte wat die grootste aandag geniet in 'n bepaalde preek hang dus af van die verskillende tekskeuses. Die predikant kan dus 'n bepaalde element van die geloof aanraak en bespreek soos dit uit die betrokke teks voortvloei. Die predikant moet die teks laat spreek, omdat so alleen die Here tot sy gemeente spreek. Hieruit volg dus duidelik dat die rykdom van 'n teks nooit in een preek uitgedruk kan word nie!

In die volgende uitgawe kyk ons na die laaste gedagte wat handel oor die vorm en die oordrag van 'n preek en hoe ons as jeug na 'n preek luister.

Voel jy ook so?

… EN ONS JUBEL VOORT!

Lieneke Eefting

Ons sing elke Sondag en by ander kerklike geleenthede Psalms. Hoekom sing ons? En hoekom sing ons eintlik net Psalms en nie ook baie ander Christelike liedere of ander meer moderne 'Christelike' liedere soos wat by die skool se CSV kringe gesing word nie?

Psalmgesang is nie 'n gewoonte of somaar omdat dit mooi klink, 'n verandering of omdat sommige mense dit wil hê nie. Nee, ons sing omdat dit 'n baie belangrike deel van die erediens is. Die erediens is 'n gesprek tussen God en sy volk wat vergader. Die antwoord wat die gemeente gee is meestal deur sang. Hiermee wys die gemeente dat hulle God se aanspreke ter harte neem en spreek so hulle antwoord uit.

Die diepste motivering vir sang in die erediens, gaan oor ons verlossing, ons verlossing deur Jesus Christus. Ons sal nie kan help om te sing as ons begryp dat ons uit genade verlos is en in die ewige lewe deelagtig geword het nie. Die gemeente sing uit hartlike dankbaarheid vir die genadiglike en wonderlike verlossing. Maarten Luther skryf ook in die voorwoord van *Babstchen Gesangbuch* (1545): "God het ons hart en gemoed vrolik gemaak deur sy liewe Seun wat Hy vir ons gegee het tot die verlossing van sonde, dood en duiwel. Wie dit met erns glo, kan nie nalaat nie, maar moet vrolik en met lus daarvan sing en vertel, sodat andere dit ook kan hoor en hierheen kom."

Op baie plekke in die Ou Testament wanneer die volk 'n besonderse ervaring gehad het as gevolg van die ingryping van God, dan het die oproep gekom: "Sing vir die Heer 'n nuwe lied." Dit moet net so goed geld vir die volk van die Nuwe Verbond. Ons.

Daar is 'n sterk tendens in die Gereformeerde Kerke in Canada, Nederland, Suid-Afrika en Australië om die regte beryming te kry van ander liedere in die Bybel – "Psalms buite die boek Psalms" – wat in die eredienste gesing kan word. Hierdie reeks moet beperk bly tot 'Skriftuurlike Liedere', en nie uitgebrei word tot allerhande 'bekende en geliefde skrifgedeeltes in rym' nie.

Daar is geen verbod in die Bybel om gesange of geestlike liedere te sing nie. Inteendeel Paulus skryf in Efesiërs 5:19 "Spreek ondermekaar met Psalms en lofsange en geestelike liedere; en sing en psalmsing in julle hart tot eer van die Here."

As ons die wat Paulus bedoel maar nie vereenselwig met 'Evangeliese Gesange' of allerhande sogenaamde 'geestelike liedere' uit die metodistiese, piëtistiese of watter hoek ook al nie. Die meeste van die bestaande 'gesange' sing nie van die Here, van sy Heilswerk soos die Bybel dit beskryf en besing en van die Verbond nie, maar van die ervaring van die vrome siel. Die

subjektivisme en indivudualisme is ‘n dodelike gevaar vir die Christelike Kerk.

Dit is dus nie snaaks dat in die kerke waar die Bybel nie meer as God se Woord erken word nie, Psalms moes plek maak vir gesange. Mense weet daar amper nie meer wat die woord ‘verbond’ beteken nie.
Laat ons ons verlustig in God se Woord, dit oordink – dit is die Verbondsdokument! Laat ons luister na die Woord van onse Hemelse Vader. En ons antwoord op ‘n Skriftuurlike manier besing.

Bronne:
De Liturgie van Gods Verbond – G van Rongen
Die erediens – Prof Dr AC Barnard
Gods liedboek voor zijn volk – Drs G Kwakkel en Drs B Vuijk

KYK IS VRY, OF NIE?

Krokkie

Die jagseisoen is een van die dae weer oop met die kongres om die draai. Miskien is dit 'n bietjie kras gestel, maar dit is nogal 'n tendens wat ek die afgelope paar jaar baie duidelik waargeneem het. Ek weet nie of dit my moet pla nie, maar ek het dit goed gedink om miskien weer 'n bietjie daaroor te besin. Miskien moet ek net vir duidelikheid die situasie skets soos ek dit ervaar het.

Hier in Gauteng is ons seksisties. Woon amper enige sosiale byeenkoms by, en jy sal sien dat jy twee groepe mense kry wat afsonderlik kuier – een groep manlik en die ander groep vroulik – met miskien so hier en daar een wat meng. Die gesprekke draai dan ook baie maklik al om een as en vorder nie verder as ‘n neuslengte nie. Baie van ons kerk-vriende is niks meer as ‘n “hy jy al my nuwe selfoon gesien?” nie. En op vereniging noem hulle dit “gemeenskap van die heiliges”.

Hier in Gauteng is ons seksisties

‘n Ander probleem is die skinder-stories wat so lekker rondvertel. Sodra iemand vir 'n tweede keer met ‘n persoon van die teenoorgestelde geslag gesels, vra hulle al na die troudatum… Hoekom? Is so 'n vriendskap-verhouding onaanvaarbaar? Hoe kan ons mansmense dan weet of dit die meisie vir hom is of nie? Moet hulle regtig eers vas uitgaan om mekaar beter te leer ken?

En dan natuurlik ook die alkohol faktor. Dit het lyk my die alternatiewe manier geword om iemand te probeer beïndruk. As dit nie aanvaarbaar is om met iemand te gesels ook oor dieper dinge nie, dan probeer



jy maar die persoon beïndruk deur jouself "te bewys". En as die A-faktor nou eenmaal begin werk dan is jy mos die kat se snorbaarde… Miskien is die A-faktor 'n grootter probleem as wat ons eintlik wil besef?

Miskien moet ons eers kyk na wat 'n verhouding behoort te wees. Jy moet eers iemand leer ken in ‘n vriendskap verhouding voordat jy in 'n liefdes verhouding kan begin. Huidiglik is dit nie aanvaarbaar nie. As jy na 'n meisie kyk, en jy gaan kuier een keer vir haar, dan trek die stories met hulle stertjies al baie ver. Mense word dan dikwels in verhoudings geforseer sonder dat hulle reg is daarvoor, of die meisie weet nie wat om te doen nie, en skram dan weg. Miskien is dit die rede hoekom die suksesfaktor van die verhoudings binne ons gemeenskap so laag is…

Dalk moet ons besin oor die "gemeenskap van die Heiliges" binne die Jeug (vraag & antwoord 55 HK). Die tweede deel – "*dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend*". Wat beteken dit vir ons as jeug? Dat ons nie met mekaar mag meng nie?

Is die onderliggende probleem dat ons nie meer ons roeping binne die gemeenskap van die heiliges ken nie? Ken ons nog mekaar – of het ons sogenaamde vriendskappe al nie heeltemaal vervlak nie? Dan is die stap tussen dié soort vriendskappe en 'n liefdes verhoudings te groot? Ek wonder maar net… Gelukkig het ons die Kongres om die draai wat hierdie probleem ook aanspreek.

VRYETYDSBESTEDING

Hein Smit

Satan het ‘n wereldwye konfensie saamgeroep. Met sy openingstoespraak het hy vir sy bose engele gesê: “Ons kan nie die Christene weghou van die kerk nie. Ons kan hulle nie weghou om die Bybel te lees of hulle weerhou van die waarheid nie. Ons kan nie eers die intieme verhouding wat hulle met Christus het versteur nie. Die oomblik as hulle hul geloof beleef is ons invloede op hul tot niet. So laat hulle maar kerk toe gaan en gee hulle vryheid om hul konserwatiewe lewe te lei, maar ons gaan hul tyd steel sodat hul nie ‘n verhouding met Christus kan opbou nie. Dit is dus my opdrag aan jul my bose engele. Trek hul aandag af van hul Redder en maak seker dat hulle nie die lewensbelangrike kontak deur die dag kan hê nie! “

“Hoe sal ons dit doen?” skree sy bose engele. “Hou hulle besig met die onbelangrike in die lewe en skep oneindige hoeveelheid idees om die mens se gedagtes mee besig te hou.” antwoord Satan. “Daag hulle uit om geld uit te gee en altyd geld te leen. Motiveer hulle vrouens om vir lang ure te werk en die mans om 6 tot 7 dae ‘n week, 10 tot 12 ure ‘n dag te werk, sodat hulle ‘n leë lewenstyl kan bekostig. Hou hulle weg om kosbare tyd saam met hul kinders te spandeer. Sover die gesin besig is om uitmekaar te val, sal die huis ook nie meer werklike tuiste bied om van die werkspanning ontslae te raak! Oorstimuleer hul gedagtes sodat hul die stil sagte stemmetjie nie meer hoor nie. Motiveer hulle om die radio of kassetspeler te speel terwyl hulle ry. Maak seker dat die TV’s, videomasjiene, radio’s en rekenaars altyd aangeskakel is in die huis en dat daar sinnelose musiek gespeel word in restaurante en winkels. Dit sal hul gedagtes oorlaai en die verhouding met Christus breek. “ “Maak die koffietafels vol met koerante en tydskrifte. Oorlaai hul gedagtes met nuus 24 uur per dag. Maak gebruik van advertensieborde om verwarring te veroorsaak. Oorvul hul posbusse met gemorspos, posbestellingskatalogusse, tyddeel brosjures, enige tipe nuusbrief en promosie aanbiedings vir gratis produkte, dienste en vals hoop.

Plaas halfnaak modelle voor op tydskrifte sodat dit mans kan oortuig dat dit in die lewe gaan om die uiterlike en dat hul belangstelling in hul eie vrouens verloor. Dis ‘n susksesresep vir huweliksverbrokkeling. Selfs in hul ontspanning, laat hul tot die verste ekstreme gaan. Laat hulle van hul ontspannings terugkeer uitgeput en moeg sodat hul die nuwe werksweek onvoorbereid ingaan. Moenie dat hulle in die natuur uitgaan om God se wonderwerke in die skepping te kan waardeer nie. Stuur hulle na pretparke, sportgeleenthede, konserte en film teaters. Hou hulle besig, besig, besig.

En wanneer hulle nou vir ‘n keer saamvergader om oor die geestlike sy te praat vul hul gedagtes met skinner praatjies en sinnelose gesprekke sodat hul van hul persoonlike probleme kan vergeet. Gaan voort, ondersteun hulle met die proses van siele-wen, maar vul hul lewe met so baie goeie dinge dat hulle nie tyd het om die krag van God af te soek nie. Vroëer of later sal hulle begin glo in hul eie krag om hul persoonlike lewe en gesondheid op te offer vir die goeie saak. Dit moet werk! Dit moet werk!” Dit was nogal ‘n lywige konfensie. Die bose engele het ywerig aan die werk gespring met hul opdragte om al die Christene meer besig en meer gejaagd te maak en om heen en weer te hardloop. Die groot vraag is: “Was Satan suksesvol?”. Dis vir jou om te besluit….



Hiedie is ‘n direkte vertaling van ‘n anonieme engelse skrywer. ‘n Paar ware feite is ter tafel gegooi. ‘n Duidelike bewys dat onverantwoordelike vryetydsbesteding ‘n groot kniehalter vir die Christelike lewe kan wees.

KONGRESTEMA: GELOOFSBELEWING

Veral vandag word ons geloof of ons siening op die lewe op subtiele maniere aangeval. En nie almal beleef hul geloof op dieselfde manier nie. Is daar 'n reg en verkeerd hierin? Hoe moet ons en in watter mate moet ons ons geloof beleef?

Die tema is opgedeel oor vier werkswinkels met elkeen 'n paar punte om by stil te staan. Gaan dink na hieroor en bring jul vrae en vrese na die werkswinkels.

1. ONS KULTUUROPDRAG IN DIE WÊRELD
(onder leiding van oom Arie Roos)

- Wat beteken dit?
- Is dit nodig?
- Waar moet ek die opdrag uitvoer (as student, werkende of skolier)?
- Wat van velde waarin ons dikwels nie betrokke is nie, soos wetenskap, gemeenskapsdiens, kunste, handel, ens.?
- Wat moet ek doen en in hoe 'n mate?
- Waar kan ek insette lewer?
- Hoe vergelyk die kultuuropdrag vir die arbeider en kantoorwerker t.o.v. ontdekking, opbouing en uitbreiding?

2. VREEMDELINGSKAP IN DIE WÊRELD
(onder leiding van oom Addy van der Lugt)

- Hoe beoordeel ons situasies of dinge in die lewe?
- Mag ons dinge beproef?
- Wat moet ons benadering wees?
- Aanvaarding by portuurgroep
- Hoe belangrik is kennis?
- 'n Gevoel van skynheiligheid as ons die goeie keuse maak
- Wanneer, waar en vir wie moet ons getuig?
- Oortuig of getuig?
- Is 'n Christen beperk in die geniet van die lewe? Watter alternatiewe is daar?
- Geloof se invloed op vriendskappe
- Het ons 'n tekort aan geloofsvertroue?
- Moet ek my geloof altyd uitdra, veral aan vriende?
- Waar en wat is 'n geleentheid van God om te getuig? Sien ons dit raak?
- Benadering tot ander gelowe/kerke

3. ONS PERSOONLIKE GELOOF
(onder leiding van ds. Viljoen)

- Gebed
- Bybelstudie
- Luiheid t.o.v. Bybelstudie en gebed
- Verhoring
- Vertroue op God (geld, eksamen)
- Kan nie vergewing kry nie
- Skuldgevoelens
- Gereed om te sterf
- Bekeer?
- Uitverkies?
- Die verbond

4. GEMEENSKAP VAN DIE HEILIGES
(onder leiding van tannie Gwen van den Berg)

- Gawes en vrugte van die Gees
- Wat is my talente?
- Wat is die verskillende take in die gemeente?
- Moet daar altyd ’n kerk wees? Wat van selle (kleiner groepies wat saam Bybelstudie doen)?
- Moet ons al ons talente gebruik of mag ons ook net ’n deel daarvan gebruik?
- Hoe baie tyd moet ons bestee aan die gemeenskap van die heiliges?
- Hoe goed moet kerkmense mekaar ken? Ken ons mekaar te goed?
- Benadering t.o.v. tug onder mekaar (ontvang en uitdeel van tug)
- Probleme met ander deel



Rehobot

Gen 26:22 : " Nou het die HERE vir ons ruimte gemaak"

Jeug van die Vrye Gereformeerde Kerk te Bellville

DEUR DIE SLEUTELGAT

Die jaar is verby - vir die van julle wat nie opgelet het nie. Die studente en skoliere kom dit seker agter aan die eksamens en laaste take wat hulle moet doen. Alles is nou "vir oulaas". Spesiale woord van STERKTE aan al die matrieks. Mag dit met julle goedgaan. Daar kom nie net aan alle goeie dinge 'n einde nie, maar ook aan die minder aangename. Dink daaraan as 'n voorreg om van wat jy geleer het, rekenskap te kan gee!

Praat van goeie dinge wat tot 'n einde kom: die jeugverenigingsjaar is ook verby. Die nuwe JS is gekies en ons sien al klaar uit daarna om volgende jaar met nuwe bloed en goeie moed te begin. Die JVB is as volg: die vier voorsitters: Peter, Theo, Jaco en Maartje; die sekretaresse: Magda; die finansies word in Ewart se hande geplaas; Carien is addisionele lid en Corrien sorg dat ons almal volgende jaar by die kongres kom. Die JVB is blykbaar nou sommer amptelik 'n familiebesigheid met die Geleynse susters en Ewart en Carien.

Ons het ook volgende jaar 'n paar nuwe lede, nl: Alfred, Marcel, Elisabeth, Ingrid, Ilse en Corné. Baie welkom julle! Ons sal wel in die nuwejaar julle ordentlik welkom heet met 'n *social* (nog 'n rede om te *social*!). Ons hoop julle sal JV geniet en iets wyser word in die proses. Miskien leer ons nog iets van julle. Dit is altyd lekker om nuwe lede in te kry. Hoe meer siele hoe meer vreugde.

Mirjam werk dat die sweet spat om die kongres een reuse sukses te maak en ek wil ALMAL aanmoedig om hierdie jaar se kongres by te woon. Moenie dat geld 'n

probleem raak nie. Tye is duur - kos ook. Lewer maar so 'n paar ekstra koerante in die oggende af. Die kongres is eers die 26ste Desember. Daar is dus 'n paar weke oor waarin jy groot geld kan insamel. Maar konsentreer nou maar eers op die eksamens. Die kongres is nog ver.
(Wanneer julle dit lees, is alle eksamens heel moontlik al verby!!!)



Die koffiedrinke raak nou interessant! Chris en Jaco se wonderlike idee om langs die Sonstraaldam koffie te drink was heerlik. Dit het 'n groot gesels afgegee. Ewart het gesorg dat al die eendjies in die water bly. Dankie daarvoor. Oom Joop en tannie Wietske was die openbare toilet aangesien hulle die naaste bly. Dankie. Oom Joop wou ons R 15 elk vra, maar dit is gou afgelag. Ek hoor Ewart is binnekort alleen tuis. Nie eers Carien is daar nie. Ons het dus nou 'n *venue* om te kuier. O ja, hy vra die meisies in die jeug om vir hom te kom kos maak.

Ons bekendste oud-lid en sy vrou, dis nou niemand anders as Erik en Marié, het so pas in hul nuwe huis ingetrek. Almal is genooi vir ’n daknatmaak. ’n Pragtige huis, met ’n sandwoestyn van ’n tuin, maar volgens Erik het hy groot planne met die tuin. Maar ons ken ook al vir Erik, soos alles neem dit ook maar ’n bietjie tyd!!

Verder het ons ook ’n heerlike koffiedrink gehad by die Eeftings, al het ons bietjie min van Maartje gesien (wonder hoekom). Johan Snyman het ons ’n opwindende nuwe kaartgame geleer, maar dit is slegs vir die meer intelligente mense (soos Johan natuurlik!). Verder het Jaco maar gesukkel om sy verlies in die Uno Game te hanteer!

Dis maar vir eers weer al. Tot die volgende keer, wanneer ons weer saam deur die sleutelgat loer...
Groetnis.

AANDAG ALLE KAAPSE INTEKENAARS

Dit het nou al ‘n hele paar keer hierdie jaar gebeur dat Jaco (wat die finansies vir Die Olielamp in die Kaap doen) geld ontvang van lede in sy posvakkie, maar dan is daar geen naam by nie. Ons weet dus nie wie betaal het nie, en kan dit ook nie in ons boeke afmerk nie. Kan die persone wat betaal het sonder om hul name by te sit, dan net vir Jaco laat weet wie hulle is? Anders gaan ons dalk vir u daarop wys dat u nog geld skuld, en dan het u reeds betaal!

DANKIE!

VOETSPOOR

Die einde van die jaar is al so te sê hier en van ons begin al planne maak vir volgende jaar. Party mense dink egter net aan die vakansie wat voorlê (Voetspoor is een van laasgenoemde groep). Ek het nie baie om te vertel nie, behalwe dat die mense maar redelik bleek lyk (dis seker te danke aan die min slaap gedurende eksamentye). Ek hoop dat die eksamenstres nie te erg was nie en dat die resultate verwagtings mag oor tref.

Sterkte aan al die matrieks wat nou ook die grootmenswêreld gaan betree. Mag die Here julle ook lei op die pad vorentoe.
Ons het ook 'n Olimpiese kampioen in ons midde. Christelle Bosker was mos by die Paralimpiese Spele in Sydney en sy het sowaar drie medaljes gewen (twee goud en een brons). Ons mag die Here dank dat Hy vir haar so ’n geleentheid gegee het om haar talente so te

mag ontwikkel. Ek weet van 'n hele klomp mense wat die nuus daardie week dopgehou het net om haar op TV te kan sien. Geluk hoor, Christelle.

Ek wil net die nuwe lede by ons jeugverenigings welkom heet. Dit is hierdie jaar se graad 10's. Ek hoop dat julle gou welkom sal voel en ook julle insette sal kan lewer. Laastens hoop Voetspoor om julle almal by die kongres te sien. Onthou net dat dit nie 'n man/vrou vang kamp is nie, maar 'n geleentheid om saam as jeug die Here te kan prys.

Sien julle almal in die Kaap.
Voetspoor

nog iets…

KOS UIT DIE BYBEL: N GOODMAN, R MARCUS, S WOOLHANDLER

Wilma Lubbinge

Dwars deur die Bybel lees ons van kos. In Genesis 1 begin dit met hoe God die plante en diere gemaak het, tot in Openbaring 22, van die twaalf soorte vrugte aan die boom van die lewe. Verder vind ons ook op talle plekke aanwysings van hoe voedsel voorberei moet word en watter gewoontes die volke gehad het betreffende kos.

Die pragtige, kleurvolle kookboek bring die kos van die Bybel tot in ons kospotte. Boon-op is die resepte maklik om te volg en die bestanddele is geredelik beskikbaar.
Maar dit is nie net resepte van voor tot agter nie, daar word ook aandag geskenk aan die oorsprong en agtergrond van die Bybelse kookkuns.

Die resepte word in die volgende kategorië ingedeel:

- Suiwelprodukte
- Volgrane en Boontjies
- Brood
- Vleis
- Pluimvee
- Vis



- Vrugte en groente
- Nageregte

Dan is daar ook nog: Voorgestelde Spyskaarte, Wenke vir onderrig en Voeding en die Bybel. Agter in die boek vind jy ook ‘n geselekteerde bibliografie en ‘ n register van Bybelse en historiese verwysings bv. Job - bladsy 48, 57 en natuurlik ‘n register van kos en resepte.

Net om jou lus te maak: ‘n Resep vir Esau se lensiesop, Garskoekies (Es 4:12), Sara se brood (Gen 18:6), Rebekka se geurige bredie (Gen 27:6-9), Vis met heuningkoek (Luk 24:41-43), Tunaslaai met vars vinkel (Lev 11:9), Vyetertjies (1 Sam 25:18), Rosynekoek (Hooglied 2:5).

Kortom, dit is die ideale boek om te gebruik as jy weer ‘n Bybelse ete beplan of sommer net lus is vir iets anders.

GEDIG - KERSFEES

Dis nou weer amper Kersfees. Dit is ook amper kongrestyd. Ons, as kerkjeug, kry die geleentheid om saam te besin oor dit wat God alles vir ons in sy Seun gee. Die volgende gedig wil ons aanspoor om spesifiek in hierdie tyd (maar ook enige ander tyd van die jaar) God te loof en prys oor wat Hy vir ons gedoen het. Geniet die kongres en moenie vergeet watter groot genade God aan ons bewys het deurdat Hy sy Seun gestuur het nie.

Willemien Kleyn

KERSFEES

Nasies en tiranne,
Smee hul planne.

Maar God se werk en Woord,
Vir ewig gaan dit voort.
Hulle kan Hom nie keer nie,
En nou-nou is hul nie meer nie.
Maar God: vir ewig sal Hy wees,
En sorg vir almal wat Hom vrees.

God se kinders, kom nou saam,
Kom en prys sy Naam!
Hy het sy Seun gestuur,
Gebore in die Kersfees uur.
Gebore om vir ons te ly,
Om ons vir ewig te bevry.
Dus, kom nou dankbaar saam,
Loof en prys sy heilige Naam!

VERJAARSDAE!

Bethal	
Arnout van den Bout	17-Jan
Jean Sausberg	14-Des
Johannesburg	
Idelet Kuyvenhoven	5-Des
Johann Reyneke	7-Des
Marietjie Bijker	22-Des
Kaapstad	
Johan Snyman	18-Jan
Riana van der Lugt	24-Jan
Peter Raimond	7-Des
Jaco Haak	8-Des
Giny van der Vinne	31-Des
Magda Geleijnse	31-Des
Maranata	
Astrid van der Sluis	12-Jan
Anton Sterk	13-Jan
Erik de Vries	14-Jan
Marinus de Jager	18-Jan
Erik van Alten	20-Jan
Jeanette de Jager	21-Jan
Daniël van der Meulen	29-Jan
Ferdinand Kerkhoff	29-Jan
Johan Sterk	1-Des
Willem Sterk	1-Des
Axel Hagg	2-Des
Gerda de Jager	9-Des
Marijke Aartsma	9-Des
Matthijs van der Hout	13-Des
Renier Kampman	13-Des
Richard de Vente	23-Des
Maryke Hutten	26-Des
Pretoria	
Gerjan Hagg	4-Jan
Andreas Boon	6-Jan
Hans de Wit	9-Jan
Marjan Middeljans	15-Jan
Marieke Admiraal	17-Jan
Willemien Ros	17-Jan
Arjan van Houwelingen	18-Jan
Francoise Boon	20-Jan
Janet Ros	22-Jan
Theo van der Vinne	24-Jan
Marianne van der Horst	31-Jan
Tanya de Vente	7-Des
Ronel van der Linden	19-Des
Timo Schuring	28-Des